Laerskool Bloemfontein

Goeie waardes maak ons 'n Wenskool.

Webblad: lsbfn.com Besoek ons op facebook: Laerskool Bloemfontein

NUUSBRIEF 14 **2017/05/04**

ONS IS N WAARDE GEDREWE SKOOL

Uit die kantoor

11 September sal altyd onthou word as 'n swart dag in die geskiedenis van die wêreld. Op hierdie dag in 2001 het twee vliegtuie in die Twin Towers in New York vasgevlieg. So 'n dag laat my besef **ons moet in ons verhoudings goedhartig teenoor mekaar wees.** Wat beteken dit?

Ron Fazio was 'n toegewyde familieman en bekwame bestuurder van 'n maatskappy in die Wêreld-handelsentrum in New York.
11 September 2001 sou egter wys van watter stoffasie Ron regtig gemaak is. Daardie dag, toe die eerste vliegtuig deur die eerste toring bars, het Ron gesorg dat sy werknemers en ander mense op sy vloer veilig uit die gebou kom, deur die deure vir hulle oop te hou. Ron het uiteindelik onder aangekom nadat hy sy kollegas aangemoedig het om die gebou vinnig te ontruim. Ongelukkig was hy nie ver genoeg van die gebou af toe dit ineengestort het nie, en hy het sy lewe verloor.

Ron was onselfsugtig en goedhartig in 'n tyd van ongelooflike vrees. Goed-hartigheid neem die komma uit die mees algemene gebed en maak dit sy leuse. Die mees algemene gebed is: **"Please, God."** Goedhartigheid vat net die komma weg en daar het jy ons leuse vir goedhartigheid: **"Please God."** As jy vir God "please", kan jy nie anders as om goed te wees teenoor ander mense nie.

Goedhartige mense wil nie suksesvolle dinge doen nie, net betekenisvolle dinge wat lewens aanraak en verander. Goedhartigheid maak van enige verhouding 'n betekenisvolle verhouding.

Ons skool se waardes is:
Respek, Eerlikheid, Lojaliteit en Uitnemendheid. Kom ons leef ons waardes!
Kom ons maak die verskil in ons land!!
Kom ons please God.

SKOOLFONDS

Leerders het Dinsdag, 2 Mei 2017 state vir die skoolfonds ontvang. Ouers, gaan asb. die skoolfondsrekening na en kontak vir tannie Annatjie indien u met haar verskil.

Baie dankie

aan al ons ouers wat gereeld hulle skoolfonds kom betaal!! Ons het kaartfasiliteite beskikbaar by tannie Annatjie om die betalings te vergemaklik.

Busgeld

Laerskool leerders se busgeld moet asb. by tannie Annatjie betaal word. Geen internet betalings op die Hoërskool bankrekening vir laerskool kinders nie asb. **Daar is nie beurse vir busgeld nie**.

Bloemies Bid

'n Jong getroude paartjie het in 'n nuwe woonbuurt ingetrek. Die eerste oggend terwyl hulle ontbyt eet, sien die jong vroutjie die buurvrou terwyl sy haar wasgoed buite ophang.

"Daardie wasgoed is nie baie skoon nie," sê sy aan haar man. "Die buurvrou weet nie hoe om wasgoed behoorlik te was nie. Miskien moet sy oorskakel na 'n ander waspoeier toe."

Haar man het opgekyk na die buurvrou se wasgoed, maar het nie 'n woord gesê nie.

Elke keer wanneer die buurvrou haar wasgoed op die draad hang het die jong vroutjie dieselfde opmerkings oor die toestand van die wasgoed gemaak.

Ongeveer 'n maand later was die jong vroutjie die een oggend uiters verbaas om silwerskoon wasgoed op die buurvrou se wasgoeddraad te sien, "Kyk! Sy het geleer hoe om haar wasgoed behoorlik te was. Ek wonder wie het haar 'n bietjie touwys gemaak?"

Haar man antwoord toe: "Ek het vanoggend bietjie vroeër opgestaan en ons vensters skoongemaak!"

Dit is soms 'n goeie idee om eers te kyk of jou vensters skoon is, want wat ons sien terwyl ons na ander kyk hang grootliks af van die vlekkeloosheid van ons eie "vensters" waardeur ons kyk.

Voordat ons kritiek lewer is dit 'n goeie idee om onsself eers af te vra of ons in staat is om die goeie te sien, eerder as die slegte, in mense met wie ons verkeer.

Ons is hier om vir elkeen te bid en vra elkeen om ook saam met ons vir ons skool en sy mense te bid. Onthou asb. van die grys gebedsposbussie in die kantoor by Lee-Ann. Neem asb. vrymoedigheid om u versoeke daarin te gooi.

Kontak asb. een van die volgende ouers:

Riette v Staden	0748431303
Ettienne v Staden	0742296709

ONS BENODIG DRINGEND...

Skenkings vir maatjies wat in die oggend by die skool eet asb. **Baie dankie** vir dit wat reeds ontvang is.

OUERKOMITEE

Mag jou flessie vandag oorloop van die omgee, liefde, belangstelling en tyd wat jy aan ander gaan bestee.

MEI

VERJAARDAGWENSE

Aan personeellede, ouers en leerders, baie geluk met julle verjaarsdae.

Lief en leed

Ons innige simpatie met die afsterwe van tannie Bets se moeder. Baie sterkte aan die Van der Mescht-familie.
Oom Johannes en tannie Petro se dogter gaan 'n operasie ondergaan. Ons dink aan julle in ons gebede.
Tannie Net van die middagstudie se man het ook 'n groot operasie ondergaan. Ons bid vir julle. Ons dink aan al ons geliefdes wat siek in hospitale is, of wat by die huis aansterk. Ons bid vir spoedige herstel.

BELANGRIKE DATUMS

8 EN 9 Mei: EMO ADAMS

"Waar's dit lêkka? Hier's dit lêkka!!" soos **EMO ADAMS** sal sê. Emo kom tree by ons skool op. Kaartjies kos **R100 per kop.** Te koop by tannie Annatjie.

Program vir 8 Mei 2017
Vertoning begin 18:00
Willem Postma Junior en Senior Koor
ons eie Bloemie Koor
Pouse
EMO ADAMS
EMO saam met ons kinders

Program vir 9 Mei 2017
Vertoning begin 18:00
Bloemie Viooltjies
Universitas Senior Koor
ons eie Bloemie Koor
Bloemie Graad 5-Spreekkoor
Hoërskool Bfn a capellakoor
Pouse
EMO ADAMS
EMO saam met ons kinders

1 Junie: MANNE-AAND
Spreker:
ANDRIES VERMEULEN
(Sanger en Storieverteller)
Van OPPIESTOEP
Koste: R2000 per tafel van 10 of R200 per persoon.
Skakel Carin Jordaan by 084 441 7615 indien u 'n tafel of kaartjies wil bespreek.

Gedagte van die week:

Elke donker wolk het 'n silwer rand. Elke probleem het 'n oplossing. Elke struikelblok het 'n brug. Elke gebed het 'n antwoord.

RESPEK

EERLIKHEID

LOJALITEIT

UITNEMENDHEID

Moedeloos oor jou kind se rapport?

Ons kan jou kind help deur die regte studiemetodes toe te pas.
Boek jou plek nou!
Kursus datum: 13 Mei
Graad 4 – 7
Kontak ons gerus:
info@bio-link.co.za
Marlize: 082 905 4525
Karin: 082 570 6024

REKENAARS

Elke Maandag. Koste: R50 per leerder. Tyd: 13:30 – 14:30
Eie vervoer asseblief.

TENNIS

Die tennis begin op 15 Mei 2017 net na skool tot 14:30.

Skaak

Die skaakoefeninge vir almal begin Donderdag, 4 Mei om 13:45 tot 14:45. **Die ligaspan MOET kom oefen!!** Ligaspelers moet onthou dat ons 9 Mei 'n los lootjie het en dus nie wedstryd speel nie. Reël asb. met julle ouers. Die ligaspan speel gelykop teen Martie du Plessis en ons verloor teen Onze Rust 5½ - 2½. Sterkte vir die res van die liga!!



Liga uitslae @ Grey

Span	Telling	Uitslag
0/7 A	25 - 0	Verloor
0/7 B	45 - 10	Verloor
0/9 A	32 - 5	Verloor
0/9 B	15 - 10	Verloor
0/11 A	40 - 0	Verloor
0/11 B	42 - 0	Verloor
0/13 A	31 - 22	Verloor
0/13 B	31 - 22	Wen

Hard werk manne! Ons Bloemies laat sak nie ons koppe nie!! Ek het 'n voëltjie hoor fluit dat ons manne KAN TACKLE, so, ek glo daar is 'n paar seer lywe by Grey!!
Geluk 0/13 B's. Ons is trots op julle!

STUDIE-LEERDERS

Ons doen 'n beroep op studie-leerders se ouers om asb. die studiegeld op datum te betaal. Ouers wie se kinders net een of 'n paar dae studie moet sit, **MOET R20 per middag vooruit betaal.** Die kwitansie word dan aan die juffrou op diens getoon met aanvang van studie. Dis noodsaaklik vir kontrole. Ons maak staat op u samewerking.

Dringend opsoek na 'n huis, meenthuis, kothuis of woonstel om te huur. 2 of 3 slaapkamers, enige plek in die noorde, maar verkieslik Bayswater of Noordhoek. Kan tot R4 500 per maand bekostig. Skakel 079 080 6353

PLASTIESE KOELDRANKPROPPIES

As ons 150 kg doppies bymekaar kan maak, kry 'n gestremde persoon 'n rolstoel. Bring asb. al julle plastiese doppies vir juf. Annette.

PRAKTIESE REëLING

Vir die veiligheid van ons kinders vra ons dat u 'n besoekerskaartjie by Lee-Ann kry indien u na 'n spesifieke klas wil gaan. Moet ook asb. nie tydens klastyd 'n onderwyser gaan spreek nie. Dit is baie moeilik om dissipline te handhaaf as ouers jou kom sien. Noodgedwonge beweeg onderwysers uit die klas om ouers te woord te staan en dan is dit net daar waar die moeilikheid binne die klasse begin. Help ons asb. hiermee. Onderwysers is na skool tot half drie beskikbaar sodat u hulle kan kom spreek. Maak net 'n afspraak deur vir Lee-Ann te skakel. Sy stel die onderwysers in kennis en dan kan gesprekke met ouers rustig plaasvind. Dankie vir u begrip.

BELANGRIK

Daar sal hierdie kwartaal geen kermis of suigstokkiedag wees nie – EMO ADAMS vervang bogenoemde twee dae

MIND MOOD SPA
Happy Mind
Happy Life
Visit us now!!
051 – 451 9028
www.mindmoodspa.co.za

SELECTIVE HAIR & EXTENSIONS
Die winter is hier. Sit 'n bietjie herfs in jou hare en maak ander se harte warm met jou nuwe voorkoms!!
Kleur hare met strepies – 15 % afslag
Ouma's perm hare die week – 20 % afslag (Sny en blaas ingesluit)
Kopluis behandeling – R50
Haarverlengings op spesiale aanbieding
Voetspa,voet massering, gel of cutex op die tone – R150
Spesiale aanbieding slegs tot 11 Mei

Ons is Vrydag, 5 Mei oop.
Spring gou en maak jou afspraak!!
***Wendy – 071 467 2722**

VIR DIE MAAK VAN
SLEUTELHOUERS (R40), BEKERS(R40), MOUSEPADS(R40), YSKASMAGNETE(R20) EN STICKERS(R1,50)
SKAKEL Irma by 071 642 9142
Irma neem ook pragtige foto's.

Grapkas

Wat kan jy voer, al kan dit glad nie eet nie? 'n Gesprek.

Wat weeg die meeste – 'n ton bakstene of 'n ton vere? Dit weeg albei 'n ton!!

Hoeveel boeke kan jy in 'n leë skooltas pak? Net een – dan is dit nie meer leeg nie.

Wat noem jy 'n vrou wat net so hard soos 'n man werk? Lui!!

Wat noem jy 'n feetjie wat drie weke laas gebad het? Stinker Bell.

Gehoor van die sokkie wat nie kon ophou praat nie? Hy was 'n kletskous!!

VCSV

Teksvers van die maand
Miga 6:9
"Om die Here te dien, dit is wysheid."

Woensdag, 10 Mei
VCSV: PINKSTER
Ouers is welkom

17 MEI 2017
Praise en Worship geleentheid by Oranje Meisieskool se ML SPIES- saal.
Tyd: 18:30 – 20:00
Alle Gr. 7-leerders is welkom.
Toegang: R10 of 'n blikkie kos.

Bid asb. vir die Godsdiens in skole.
Hofsaak vind 15 – 17 Mei plaas.

OPSOEK

Juffrou Tharina se boek Fakkel en voorslag geskryf deur Dirk Mostert het verlore geraak.
Indien iemand die boek kry sal julle haar hart verskriklik bly maak. Hou asb. julle wakker ogies oop en help soek na die boek

SELFONE

Selfone by die skool veroorsaak reuse probleme.
Leerders moet asb. hulle selfone net in noodgevalle skool toe bring. Handig dit asb. by tannie Lee-Ann in. Indien 'n selfoon tydens klas-tyd lui, sal die persoon se foon ingeneem word en toegesluit word tot aan die einde van die kwartaal.

BELANGRIK TOETSWEEK BEGIN 22 MEI

Kennisgewings

Donderdag, 4 Mei
Skaak oefening net na skool tot 14:45
Netbal proewe by Fichardtpark (0/12 + 0/13)

Maandag, 8 Mei
EMO ADAMS 18:00 in skoolsaal (Bloemie Koor tree op)

Dinsdag, 9 Mei
Voortrekkers direk na skool tot 14:30
Kuns: Gr 1 – 3 (13:30 – 15:00)
Geen skaakliga – los lootjie, net oefening
EMO ADAMS 18:00 in skoolsaal
Viooltjies, Gr. 5 spreekkoor en Bloemie Koor tree op.

Woensdag, 10 Mei
VCSV: PINKSTER
Kuns: Gr 4 – 7 (13:30 – 15:00)
Rugby- en Netballiga @ WillemPostma tuis

Donderdag, 11 Mei
Skaak oefening net na skool tot 14:45

VIR DIE OORTREK VAN MEUBELS
RM UPHOLSTERY: 074 285 2564

BELANGRIK!!
Leerders wat verjaar mag met gewone klere skool toe kom.

LEERDERRAAD SE GEDAGTE
Jou geestelike fiksheid is jou verantwoordelikheid, so oefen met oorgawe!